ENGD411	Subject Didactics of English	16	32 credits in ENGL
ENGD421	Subject Didactics of English	16	ENGD411(DP40%)
FLVX411	Vakdidaktiek Fisiologie	16	32 krediete in FLGX
FLVX421	Vakdidaktiek Fisiologie	16	FLVX411(DP40%)
GEOD411	Vakdidaktiek Aardrykskunde	16	32 krediete in GGFN
GEOD421	Vakdidaktiek Aardrykskunde	16	GEOD411(DP40%)
GESD411	Vakdidaktiek Geskiedenis	16	32 krediete in GESN
GESD421	Vakdidaktiek Geskiedenis	16	GESD411(DP40%)
LAKD411	Vakdidaktiek Kunste en Kultuur	16	Opm. OP.3.1 (2)
LAKD421	Vakdidaktiek Kunste en Kultuur	16	LAKD411(DP40%)
MGVD421	Vakdidaktiek Musiekgeskiedenis en Teorie	16	B.MUS. (ed.) , B. MUS. B.A. (met musiekvakke)
MPVD421	Vakdidaktiek Praktiese Musiek	16	B.MUS.(ed), B. MUS. B.A. (met musiekvakke)
MSVD421	Vakdidaktiek Skoolmusiek	16	MPVD421(DP40%)

MODULEKODE	MODULENAAM	KR	VERONDERSTELDE LEEREIS
NASD411	Vakdidaktiek Natuur- en Skeikunde	16	24 krediete in CHEN en FSKN onderskeidelik
NASD421	Vakdidaktiek Natuur- en Skeikunde	16	NASD411(DP40%)
ONBD411	Vakdidaktiek Ondernemingsbestuur	16	32 krediete in INBD
ONBD421	Vakdidaktiek Ondernemingsbestuur	16	ONBD411(DP40%)
OPSK511	Skoolvoorligting	16	Psigologie II of III
OPSK521	Skoolvoorligtingpraktyk	16	OPSK511(DP40%)/Psig. II
OPSK522	Beradings- en Asseseringspraktykum	16	OPSK511(DP40%), Psig. III
REKD411	Vakdidaktiek Rekeningkunde	16	32 krediete in REKP
REKD421	Vakdidaktiek Rekeningkunde	16	REKD411(DP40%)
SKUN521	Spesifieke Kundigheid	16	
SPLA511	Spesiale Leerareas	16	
TRVD411	Vakdidaktiek Toerisme	16	32 krediete in TRVD
TRVD421	Vakdidaktiek Toerisme	16	TRVD(DP40%)
TSMD411	Vakdidaktiek Tswana Moedertaal	16	32 krediete in TSMH
TSMD421	Vakdidaktiek Tswana Moedertaal	16	TSMD411(DP40%)
TSND411	Vakdidaktiek Tswana(nm)	16	32 krediete in TSNH
TSND421	Vakdidaktiek Tswana (nm)	16	TSND411(DP40%)
VWVD411	Vakdidaktiek Huishoudkunde	16	B. Huis. (Onderwys)
VWVD421	Vakdidaktiek Huishoudkunde	16	VWVD411(DP40%)
WSKD411	Vakdidaktiek Wiskunde	16	32 krediete in WISK
WSKD421	Vakdidaktiek Wiskunde	16	WSKD411(DP40%)
ZOND411	Vakdidaktiek Zoeloe	16	32 krediete in ZONH
ZOND421	Vakdidaktiek Zoeloe	16	ZOND411(DP40%)

**OP.3.6 RIGTING : NGOS INTERMEDIÊRE-, EN SENIORSFASE
424 105 (Voltyds)**

Met hierdie sertifikaat mag vanaf Graad 4 tot Graad 9 onderrig word.

OP.3.6.1 LYS VAN MODULES

Raadpleeg OP.3.5.

OP.3.6.2 Programsamestelling

- a) Die program word saamgestel uit modules in OP.3.7.3 wat oor twee semesters versprei is.
- b) In geval van 'n keuse tussen vakdidaktieke van akademiese vakke reeds geskaag vir 'n vorige kwalifikasie moet die leerders die een neem waarin hy/sy die hoogste gekwalifiseer is.

OP.3.6.3 PROGRAM 0165P

EERSTE SEMESTER		TWEEDE SEMESTER	
Verpligte modules	Krediete	Verpligte modules	Krediete
OPVK511	32	OPVK521	32
BYOB511	8	BYOB521	8
TGNO511	8	TGNO521	8
SPLA511	16	SKUN521	16
EEN van die volgende		Voortsetting van die gekose vakdidaktiek	
ABVD411	16	ABVD421	16
AFRD411	16	AFRD421	16
ANVD411	16	ANVD421	16
BIOD411	16	BIOD421	16
BWKD411	16	BWKD421	16
BYVD411	16	BYVD421	16
ENGD411	16	ENGD421	16
GEOD411	16	GEOD421	16
GESD411	16	GESD421	16
NASD411	16	NASD421	16
TSND411	16	TSND421	16
TSMD411	16	TSMD421	16
WSKD411	16	WSKD421	16
Totaal 1 ste semester	80	Totaal 2 de semester	80
		Totaal vir die program	160

OP.3.6.4 PROGRAM O998P Ander Vakdidaktiekkombinasies. (Enige vakpakket soos deur die Direkteur goedgekeur)

OP.3.7 RIGTING : NGOS SENIOR- EN VERDERE ONDERWYS- EN OPLEIDINGSFASE

424 107 (Voltyds) 424 109 (Ola) 424 110 (F)

Met hierdie sertifikaat mag 'n onderwyser vanaf Graad 7 tot Graad 12 onderrig.

OP.3.7.1 LYS VAN MODULES

Raadpleeg OP.3.5.

OP.3.7.2 Programsamestelling

'n Leerder stel sy/haar program saam uit die verpligte modules (kyk OP.3.6.3) en 'n keuse van twee vakdidaktieke uit die lys van kernmodules (vakdidaktieke).

OP.3.7.3 PROGRAM O160P : NGOS VAKDIDAKTIEKE

EERSTE SEMESTER	
MODULEKODE	KREDIETE
Verpligte modules	
OPVK511	32
BYOB511	8
TGNO511	8
TWEE van die volgende	
ABVD411	16
AFRD411	16
ANVD411	16
BIOD411	16
BWKD411	16
BYVD411	16
COMD411	16
EKND411	16
ENGD411	16
FLVX411	16
GEOD411	16
GESD411	16
LAKD411	16
NASD411	16
ONBD411	16
OPSK511	16
REKD411	16
TRVD411	16
TSND411	16
TSMD411	16
VWVD411	16
WSKD411	16
ZOND411	16
Totaal 1e semester	80

TWEEDE SEMESTER	
MODULEKODE	KREDIETE
Verpligte modules	
OPVK521	32
BYOB521	8
TGNO521	8
Voortsetting van die gekose vakdidaktiek	
ABVD421	16
AFRD421	16
ANVD421	16
BIOD421	16
BWKD421	16
BYVD421	16
COMD421	16
EKND421	16
ENGD421	16
FLVX421	16
GEOD421	16
GESD421	16
LAKD421	16
NASD421	16
ONBD421	16
OPSK521	16
OPSK522	16
REKD421	16
TRVD421	16
TSND421	16
TSMD421	16
VWVD421	16
WSKD421	16
ZOND421	16
Totaal 2e semester	80
Totaal vir die program	160

OP.3.7.4 PROGRAM O998P Ander Vakdidaktiekombinasies. (Enige vakpakket soos deur die Direkteur goedgekeur)

OP.3.8 RIGTING : NGOS SPESIALISERING IN VOORLIGTING

424 102 (Voltyds)

Die NGOS (Voorligting) is 'n nagraadse akademies-professionele sertifikaat wat gerig is op die opleiding van opvoeders vir Graad 7 tot Graad 12 onderwys met spesialisering in Skoolvoorligting.

Hierdie sertifikaat word ook in deur medium van Engels aangebied. Nie al die vakdidaktieke word egter aangebied nie. (Doen navraag by die Direkteur.)

OP.3.8.1 Die aard en doel van die sertifikaat

Die doel van die kwalifikasie is om: Leerders in die Vakdidaktiek van Skoolvoorligting op te lei en akademies-professioneel op te lei vir die gespesialiseerde praktykvoering van voorligting en leerder-ondersteuning in die primêre en sekondêre onderwyskonteks.

OP.3.8.2 Uittreevlakuitkomst

Na die voltooiing van die program sal die leerders in staat wees om fundamentele verworwe kennis, vaardighede en ingesteldheid te implementeer ten opsigte van elkeen van die volgende rolle van die skoolvoorligter en leerderondersteuner:

- a) Leier, administrateur en bestuurder van voorligtingspraktyk
- b) Fasiliteerder van:
 - Persoonlike en sosiale voorligting
 - Opvoedkundige en akademiese voorligting
 - Beroepsvoorligting
- c) Hulpverlener aan leerders met spesiale behoeftes
- d) Koördineerder van leerderondersteuning binne die konteks van insluitende onderwys
- e) Assesseerder van aanleg en belangstelling
- f) Hulpverlener met vak-, skool- en loopbaankeuses op grond van assessering van aanleg en belangstelling
- g) Hulpverlener aan ouers en opvoeders
- h) Interpreteerder en ontwerper van leerprogramme en onderrig-leergeleenthede en –media
- i) Leerder, navorser en lewenslange leerder
- j) Leerarea-/vak-/dissipline- en fasespesialis

OP.3.8.3 Duur van studie

Die minimum duur van die studie is een (1) jaar of na die verwerwing van die vereiste aantal krediete, en die maksimum duur is twee (2 jaar).

OP.3.8.4 Toelatingsvereistes

'n Goedgekeurde graad met Psigologie as driejarige hoofvak aan 'n erkende universiteit.

OP.3.8.5 Lys van modules

Raadpleeg OP.3.5.

OP.3.8.6 Programsamestelling

Die program word saamgestel uit modules in OP.3.8.7.

OP.3.8.7 PROGRAM 0170P

EERSTE SEMESTER	
Verpligte modules	Krediete
OPVK511	32
BYOB511	8
TGNO511	8
OPSK511	16
Een van die volgende	
AFRD411	16
BYVD411	16
BWKD411	16
ENGD411	16
FLVX411	16
GEOD411	16
GESD411	16
LAKD411	16
LAKD411	16
LAKD411	16
TRVD411	16
TSND411	16
WSKD411	16
ZOND411	16
Totaal 1 ste semester	80

TWEEDE SEMESTER	
Verpligte modules	Krediet
OPVK521	32
BYOB521	8
TGNO521	8
OPSK521 OF OPSK522	16
Voortsetting van die gekose vakdidaktiek	
AFRD421	16
BYVD421	16
BWKD421	16
ENGD421	16
FLVX421	16
GEOD421	16
GESD421	16
MGVD421	16
MPVD421	16
MSVD421	16
TRVD421	16
TSND421	16
WSKD421	16
ZOND421	16
Totaal 2 de semester	80
Totaal vir die program	160

OP.3.8.8 PROGRAM O998P Ander Vakdidaktiekkombinasies. (Enige vakpakket soos deur die Direkteur goedgekeur)**OP.3.9 EKSAMINERING (ASSESSERING)****OP.3.9.1 TOELATING TOT DIE EKSAMEN**

- a) Toelating tot die eksamen in enige module waarin eksamen gekryf word, geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys uitgereik deur die

skooldirekteur nadat aan die vereistes van die betrokke program en/of module voldoen is.

- b) Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel uit toetse, werkstukke en praktiese werk waar van toepassing.
- c) Die verhouding tussen teorie en prakties vir die berekening van die deelnamepunt vir modules is soos uiteengesit in die betrokke studiegids.

OP.3.9.2 Modulepunt

Die modulepunt vir modules waarin eksamen geskryf word, word volgens die voorskrifte van A.1.34 en A.8.8. bereken volgens die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos aangegee is by die module-uitkomste aan die einde van die fakulteitreeks in hierdie jaarboek (kyk OP.5).

OP.3.9.3 Vordering en slaagvereistes van 'n program

- a) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf word, is 40% (A.8.9.)
- b) Die slaagvereistes vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 50%. (A.8.7).
- c) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is afsonderlik te slaag.
- d) Formatiwe evaluering sal in die vorm van verpligte klastoetse, opdragte, mikro-onderwys, projekte en semestereksamens geskied.
- e) Leerders kan met die deurlopende evaluering leereenhede afhandel as die gestelde spesifieke uitkomste bereik word.
- f) Formatiwe en summatiwe evaluering gerig op die bereiking van die uitkomste in OP.5.2 word in die program geïntegreer en geskied veral tydens praktiese- en mikro-onderwys.
- g) Daar sal in hierdie program van die volgende evalueringsmetodes gebruik gemaak word:
 - i) Kriteriatoetse (om bemeestering van kennis te toets)
 - ii) Projekte (om probleemoplossingsvaardighede te evalueer)
 - iii) Selfassessering
 - iv) Die ontwerp van leerprogramme (om bemeestering van vakinhoudelike kennis en insig en die vaardighede om leerprogramme te ontwerp, te toets of te evalueer)
 - v) Die skryf van navorsingsverslae om navorsingsvaardighede te evalueer
 - vi) Mikro- en praktiese onderwys (om 'n holistiese beeld van leerders se kennis, insig en vaardighede as voornemende opvoeders te bekom).

OP.3.10 UITTREE- EN VERONDERSTELDE LEEREIS

- OP.3.10.1 Na die suksesvolle afhandeling van die voorgeskrewe 160 krediete word die Nagraadse Onderwysertifikaat op NKR-vlak 6 toegeken.

OP.3.10.2 Die sertifikaat gee toegang tot die Honneurs Baccalaureus Educationis. Die voorafgaande opleiding kan 'n kandidaat egter ook toelating gee tot nagraadse studie in ander studierigtings.

OP.3.11 ANDER REËLS

OP.3.11.1 Gerigte waarneming

- a) 'n Leerder moet voor die aanvang van die kursus minstens twee weke lank 'n goedgekeurde skool vir voorbereidende praktiese onderwys bywoon.
- b) Indien daar grondige redes is waarom 'n leerder nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan dit vroeër/later met skriftelike goedkeuring van die Direkteur gedoen word.

OP.3.11.2 Praktiese Onderwys

Alle leerders moet deelneem aan Praktiese Onderwysprogram wat verskil van die voltydse program na die fleksie/afstandsonderrigprogram. Alle leerders moet egter in totaal 8 weke (waarneming ingesluit) Praktiese Onderwys voltooi voordat sertifikaat toegeken kan word.

OP.3.11.2.1 Voltydse program

'n Leerder moet tydens elke semester 3 weke praktiese onderwys voltooi. Die bewys van voltooiing en punte word as deel van OPVK 511/521 bereken.

OP.3.11.2.2 Fleksie program

'n Leerder moet 2 weke gerigte waarneming en 6 weke praktiese onderwys voltooi. Indien die leerder 'n praktiserende onderwyser is, moet teen die einde van die eerste semester bewys gelewer word ten einde vrystelling van die praktiese onderwyskomponent te verkry.

OP.3.11.3 Neem van verdere akademiese modules

'n Leerder wat reeds 'n Baccalaureus- of 'n hoër graad besit, mag met toestemming van die Direkteur van die Potchefstroomse Onderwyskollege in die NGOS-studiejaar hoogstens 48 krediete in verdere akademiese modules verwerf.

OP.3.11.4 Verwerwing van taalendossemente

Alle leerders moet twee (2) taalendossemente verwerf. Leerders (Nie-moedertaalsprekers) kry op grond van die feit dat matriek geslaag is en 'n eerste graad voltooi is, outomaties a, e en t. Nie-moedertaalsprekers wat wil kwalifiseer vir A, E en T moet aanmeld vir 'n taalbevoegdheidstoets waarvoor addisioneel betaal moet word. Moedertaalsprekers moet ook aanmeld vir 'n outomatiese A, E of T.

OP.4 MODULE-UITKOMSTE

OP.4.1 B.ED

AFRD 411 VAKDIDAKTIEK VAN AFRIKAANS: INLEIDENDE PRAKTYKGERIGTE UGO VIR AFRIKAANSONDERRIG

2 uur Kampusleerders 60:40

Afkampusleerders 40:60

Die leerder behoort bemaatig te word om die Beleidsdokument as uitgangspunt te kan gebruik vir die fasilitering van leer binne die TGK-leerarea; begrip van die betekenis van UGO-terme soos kritieke uitkomst (KU's), spesifieke uitkomst (SU's) en assesseringskriteria (AK's) te bekom en in staat te wees om dit sinvol binne die leerarea Taal, Geletterdheid en Kommunikasie te kan gebruik om leerders te begelei tot die bemeestering van taalvaardighede; toepaslike assesseringsvaardighede te bekom en in staat te wees om leerervarings te beplan en te struktureer (o.a. met die oog op proefonderwystydperke).

AFRD 421 VAKDIDAKTIEK VAN AFRIKAANS: UGO-ONDERRIG BINNE DIE INTERMEDIËRE EN SENIOR FASE

2 uur Kampusleerders 60:40

Afkampusleerders 40:60

Die leerder behoort in staat te wees om die kennis en vaardighede wat deur die loop van die voorafgaande module verkry is binne die intermediêre en senior fase toe te pas in die begeleiding van leerders tot die verwerwing van toepaslike taalvaardighede in Afrikaans; om in ooreenstemming met die holistiese en geïntegreerde benaderingswyse van die UGO-model die verwerwing van Afrikaanse taalvaardighede volgens bepaalde faseorganiseerders te kan beplan en fasiliteer.

AFRD 422 VAKDIDAKTIEK VAN AFRIKAANS: SENIOR EN VOO FASES

2 uur 1:1

Na voltooiing van die kursus behoort die leerder in staat te wees om die implikasies van uitkomstgerigte onderwys soos uiteengesit in die huidige onderwysbeleid te kan verreken in die fasilitering van Afrikaans in die sekondêre skool; die oorkoepelende kritieke uitkomst, addisionele uitkomst en spesifieke uitkomst vir die leerarea taal, geletterdheid en kommunikasie geïntegreerd en kruiskurrikulêr te kan benader in leerfasilitering van Afrikaans vir die senior fase (graad 7 tot 9); kennis en vaardigheid te kan toon ten opsigte van die insamel, selektering, ordening en fasilitering van inligting met betrekking tot die verskillende terreine van Afrikaansonderrig in die VOO-fase (graad 10 tot 12), naamlik taalgebruikskunde, interpersoonlike mondelinge kommunikasie, lees, letterkunde (prosa, poësie, drama, film) en skryfwerk; in die fasilitering van die vier hooftaalvaardighede van Afrikaans (luister, praat, lees en skryf) deurentyd die volgende by leerders te kan help ontwikkel: kennis, insig, kritiese denke, houdings en waardes.

**AFRH 111 AFRIKAANS: 'N ONDERWYSGERIGTE OORSIG OOR DIE
AFRIKAANSE LITERÊRE WÊRELD**

2 uur 1:1

Die leerder behoort 'n oorsigtelike beeld van die Afrikaanse literêre wêreld te bekom; tekste binne 'n bepaalde tydvak of stroming te kan plaas en leerders te kan lei om spesifieke tekste as produkte van spesifieke strominge of tydvakke te kan identifiseer en waardeer; waardering te kan toon vir die ryke verskeidenheid binne die Afrikaanse literêre wêreld en in staat te wees om hierdie verskeidenheid binne die skoolsituasie aan leerders bekend te stel.

AFRH 121 AFRIKAANS: ONDERWYSGERIGTE AFRIKAANSE TAALPRAKTYK

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om met behulp van relevante taalnaaslaanbronne binne die skoolsituasie taalversorging (t.o.v. spelling, interpunksie, woordgebruik en styl) te doen en regstellings te kan motiveer; bewys te lewer van kennis van en waardering vir die gebruiksfunksies van Standaardafrikaans en van ander variëteite van Afrikaans; leerders te kan lei om spesifieke uitkomst wat relevante kennis van die Afrikaanse taalkunde en die toepassingsvaardigheid daarvan vereis, te kan bereik.

AFRH 211 AFRIKAANS: POËSIE EN LINGUISTIEK VIR OPVOEDERS

2 uur 1:1

Die leerder behoort 'n oorsigtelike beeld van die Afrikaanse poësie te bekom, waardering te kan toon vir die ryke tematiese en verstegniese verskeidenheid daarbinne en in staat te wees om hierdie ontsluitingskundigheid te benut om leerders binne die skoolsituasie te lei tot begrip van en waardering vir 'n verskeidenheid van Afrikaanse poëtiese tekste; bewys te lewer van die kennis en insig wat t.o.v. skoolprogramrelevante aspekte van die Afrikaanse fonetiek, fonologie, morfologie, semantiek en sintaksis bekom is en in staat te wees om sodanige (standaard)taalkundige aspekte in verskillende tekste te identifiseer en toe te pas ten einde dit vir leerders toeganklik en bruikbaar te kan maak.

**AFRH 221 AFRIKAANS: LITERÊRE TEKSTE IN MULTI-KULTURELE
PERSPEKTIEF**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om gekose (veral skoolprogramverwante) Afrikaanse tekste van verskillende genres (o.a. jeugliteratuur) as literêre kunswerke te kan ontsluit; leerders in die skoolsituasie te kan lei om literêre tekste krities te evalueer, funksionele verstegniese aspekte in tekste te kan raaksien en waardeer; bewys te lewer van kennis van en waardering vir Afrikaanse tekste vanuit en oor verskillende subkulture binne die Afrikaanse taalgemeenskap en oor die taalvaardigheid te beskik om soortgelyke tekste binne die multi-kultuurle taalpraktyk as leermateriaal te ontgin.

AFRH 311 AFRIKAANS: Sosiolinguistiek vir opvoeders

2 uur 1:1

Die leerder behoort kennis van, vaardighede ten opsigte van en waardering vir sosiaal-geïnspireerde variasie binne Afrikaans te toon ten einde in staat te wees om binne multi-kultuurle skoolsituasies die gepastheid van registerspesifieke taalgebruiksvorme te kan beoordeel; asook bewys te kan lewer van noodsaaklike agtergrondskennis aangaande die eksterne en interne ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans en aangaande skoolverwante taalpolitiese kwessies.

**AFRH 321 AFRIKAANS: ONDERWYSGERIGTE LITERÊR-TEORETIESE
TEKSONTSLUITING**

2uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om verworwe kennis oor die Afrikaanse literêre wêreld en van literêr-teoretiese aspekte te integreer ten einde literêre tekste op selfstandige wyse te kan ontsluit sodat leerders binne die skoolsituasie tot begrip van en waardering vir sodanige tekste gelei kan word; 'n geringe aantal gekose Nederlandse tekste te kan interpreteer sodat soortgelyke tekste binne die VOO-fase van die skoolprogram vir leerders toeganklik gemaak kan word.

AGDN 211 ADMINISTRASIE EN ORGANISASIE IN DIE GRONDSLAGFASE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders kennis en vaardigheid te toon van skoolgereedheid, persepsie en organisasie en administrasie in die Grondslagfase.

**AMTK 121 AFRIKAANS KOMMUNIKASIE (M): HOËFUNKSIETAALGEBRUIK IN
VERSKILLENDE (KON)TEKSTE**

2 uur 1:1

Die leerder behoort hoëfrekwensie- Afrikaanse woorde korrek te kan spel en die spelwyse daarvan ooreenkomstig die Afrikaanse spelreëls te kan verklaar; taalversorging van outentieke leerdertekste te kan doen; die waarde van 'korrekte' taalgebruik vir effektiewe kommunikasie te kan begryp ten einde leerders tot sinvolle interaksie te kan bemagtig; verskillende betekenisgebruike van Afrikaanse woorde te begryp en vir leerders toeganklik te kan maak; uitgebreide kennis oor hoëfrekwensie-woordgebruiksfoute te hê ten einde in staat te wees om die funksies en effektiewe gebruik van Standaardafrikaans aan leerders te kan oordra.

**AMTK 221 AFRIKAANS KOMMUNIKASIE (M): AFRIKAANS IN SKOOLKONTEKS
EN IN GESKREWE VORM**

2 uur 1:1

Die leerder behoort bewys te kan lewer van kundigheid en vaardigheid t.o.v. die taalgebruik in verskillende vak- en leerareaspesifieke kontekste (registers en style) en binne skoolkommunikasiesituasies (ouer teenoor opvoeder, vergadering- en verslagtaal); oor die verlangde kommunikasievaardighede in Standaardafrikaans beskik om leerders te kan lei om die spesifieke uitkomst van die leerarea Taal, Geletterdheid en Kommunikasie te kan bereik; kennis te dra van gepaste skryfstyl vir verskillende kontekste en in staat te wees om hierdie

kennis, sowel as ander verworwe taalkennis, by die uitvoering en beoordeling van leerderskryfopdragte toe te pas.

**AMTK 311 AFRIKAANS KOMMUNIKASIE (M): EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE IN
AKADEMIESE EN LITERÊRE AFRIKAANS**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om verworwe mondelinge kommunikasievaardighede te kan toepas om onduidelikhede in verband daarmee vir skoolleerders te kan opklaar; verworwe kennis en vaardighede ten opsigte van vergaderingprosedures en onderhoudvoering en ten opsigte van effektiewe kommunikasie binne sodanige kommunikasiesituasies te kan toepas; bewys te kan lewer van grondige kennis van die Afrikaanse akademiese register (wetenskaplike formuleringswyse, logiese berederingsslyn, bibliografiese styl) wat vir die strukturering van referate of ander akademiese opdragte vereis word; in staat te wees om verskillende literêre tekste (insluitend jeugliteratuur) en nieliterêre tekste te beoordeel volgens die kommunikatiewe effektiwiteit van die spesifieke variëteit, register en styl wat die skrywer gebruik het en ten opsigte van die verskille tussen literêre en nieliterêre taalgebruik.

**ANTK 111 AFRIKAANS KOMMUNIKASIE (NM): LAEFUNKSIE-KOMMUNIKASIE
IN VERSKILLENDE SITUASIES**

2 uur 1:1

Die leerder behoort na afhandeling van hierdie module in staat te wees om gesproke Afrikaans in verskillende sosiale situasies te verstaan en sinvol daarop te reageer; elementêre Afrikaanse tekste met begrip te kan lees en die woordeboek vir die ontsluiting van meer gevorderde tekste te kan gebruik; in Afrikaans op neutrale en emotiewe kommunikatiewe stimuli te reageer; Afrikaanse sinsboudetgnieke in 'n verskeidenheid skryfstukke toe te pas en kultuurspesifieke agtergrondkennis in multi-kultuurle skoolsituasies te benut.

**ANTK 211 AFRIKAANS KOMMUNIKASIE (NM): NIEMOEDERTAAL AFRIKAANS
IN SKOOL-KONTEKS**

2 uur 1:1

Die leerder behoort na afhandeling van hierdie module in staat te wees om in 'n klaskamersituasie (en binne ander sosiale situasies) sinvolle dialoë oor 'n verskeidenheid skoolprogramverwante onderwerpe te kan voer; verworwe woordeboekvaardighede en verskillende leestegnieke te kan benut om 'n verskeidenheid Afrikaanse tekste te kan verstaan; kerngedagtes te kan identifiseer en saam te vat; tussen feite en menings en tussen geldige afleidings en veralgemenings te kan onderskei; persoonlike sienings te kan motiveer en hoëfrekwensiespellingkwessies te kan hanteer.

**ANTK 321 AFRIKAANS KOMMUNIKASIE (NM): HOËFUNKSIE-AFRIKAANS VIR
NIE-MOE-DERTAALSPREKERS**

2 uur 1:1

Die leerder behoort na afhandeling van hierdie module meer abstrakte tekste met selfvertroue te kan ontsluit deur die benutting van verskillende stilleestegnieke en relevante naslaanbronne; in staat te wees om kruiskurrikulêre vraesteltipevrae te interpreteer; effektiewe akademiese taalgebruik in relatief eenvoudige tekste met vertroue te hanteer en wetenskaplike formulering van populêre taalgebruik te kan onderskei.

BIOD 411 VAKDIDAKTIEK VAN BIOLOGIE

2 uur 1:1

Van die leerder word verwag om vaardighede in die gebruik van Natuurwetenskaplike begrippe in toepassings en probleemoplossing te kan demonstreer, deur selfstandige ondersoeke. Leerders moet ook bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes t.o.v. 'n verskeidenheid leersituasies; demonstrasies en praktiese werk binne groeps- en individuele verband kan lewer om sodoende die aanleer van laboratoriumtegnieke te kan fasiliteer.

BIOD 421 VAKDIDAKTIEK VAN BIOLOGIE

2 uur 1:1

Van die leerder word verwag om oor kennis, vaardighede, gesindhede en waardes as toekomstige Biologie-fasiliteerder onderlê te wees.

BIOL 131 BIOLOGIE: INLEIDING TOT DIE BIOLOGIE

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module, moet leerders in staat wees om kennis, vaardighede en insig weer te gee, met betrekking tot die volgende onderwerpe: meting, data-analise, die wetenskaplike metode, basiese chemie en biochemie, mikroskopie en sitologie (selstudie).

BIOL 141 BIOLOGIE: SELLULÊRE METABOLISME EN SELDELING

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module, moet die leerders oor kennis, vaardighede en begrip beskik, met betrekking tot die volgende sellulêre prosesse: fotosintese, selrespirasie, mitose, meiose, proteïensintese.

BIOL 151 BIOLOGIE: PLANTKUNDE: TAKSONOMIE

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module, moet die leerders daartoe in staat wees om verskeie voorbeelde van die Prokariote, Fungi, Protista en die Planteryk te sorteer, te klassifiseer, asook kenmerkende eienskappe uit te wys. Die leerder moet verder ook oor kennis beskik rakende die morfologie van die blomplante.

BIOL 161 BIOLOGIE: PLANTKUNDE: ANATOMIE EN FISILOGIE

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module, moet die leerders oor kennis, vaardighede en begrip met betrekking tot die volgende beskik: 'n Oorsigtelike studie van die anatomie van blomplante, asook die volgende rakende plantfisiologie: Die rol van water, opgeloste stowwe en gasse; groei by plante en plantbewegings (koördinasie). Die opname en vervoer van stowwe.

BIOL 231 BIOLOGIE: DIERKUNDE: TAKSONOMIE

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module, moet die leerder bewys kan lewer van sy/haar vermoë om die organismes wat aan die ryk: Animalia behoort, korrek te kan klassifiseer. Die leerder moet ook in staat wees om 'n digotome sleutel te kan gebruik of opstel, as instrument in die klassifikasie proses. Die leerder moet ook bewys kan lewer van sy/haar vermoë om verskeie voorbeelde vergelykend te kan bestudeer.

**BIOL 241 BIOLOGIE: INLEIDENDE ANATOMIE EN FISILOGIE;
VERVOERSTELS**

2 uur1:1

Na afhandeling van hierdie module, moet die leerders oor kennis, vaardighede en begrip met betrekking tot die volgende onderwerpe beskik: Terminologie wat in anatomie en fisiologie gebruik word om gedeeltes van die liggaam en snitte deur die liggaam aan te dui, histologie van soogdierweefswels, die kardiovaskulêre-, limfvat- en immuunsisteem.

**BIOL 251 BIOLOGIE: ANATOMIE EN FISILOGIE: BEWEGING, VOEDING,
GASWISSELING**

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module, moet die leerders oor kennis vaardighede en begrip met betrekking tot die volgende onderwerpe beskik: Osteologie, miologie, voeding en gaswisseling.

**BIOL 261 BIOLOGIE: ANATOMIE EN FISILOGIE: UITSKEIDING,
TERMOREGULERING, KOÖRDINASIE**

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module, moet die leerders oor kennis, vaardighede en begrip met betrekking tot die volgende onderwerpe beskik: Uitskeiding, termoregulering en koördinasie (senuwee en chemies).

BIOL 311 BIOLOGIE: DIE MENS EN SY OMGEWING

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes t.o.v. die beskrywing van: Verskillende benaderingswyses tot die ekologie , met die klem op energievloei en biogeochemiese kringlope in ekosistels. Populasiedinamika met die klem op gemeenskapsekologie, bevolkingekologie en biologiese beheer, asook die menslike impak op verskillende ekosistels.

BIOL 321 BIOLOGIE: DIE MENS EN SY VOORTBESTAAN

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en die wetenskaplike hantering van: voortplanting (ongeslagtelik en geslagtelik) by plante en diere met die klem op

voortplanting by die mens. die verskillende beginsels in die erflikheidsleer kan toepas, en 'n wêreldbeskoulike uitspraak te kan lewer ten opsigte van evolusie.

BWKD 411 BEWEGINGSKUNDE: METODIEK

2 uur 1:1

Uitkomst waarvan bewys gelewer moet word, is onder andere: die uitkomsgebaseerde onderrigbenadering met betrekking tot Bewegings-opvoeding, die beplanning en struktuur van 'n aanbiedingsprogram, toepaslike veiligheidsaspekte, spesifieke fasiliteringstegnieke, die benutting en improvisasie van apparaat en hulpmiddels asook die inkorporering van 'n verskeidenheid verbandhoudende bewegingsaktiwiteite.

BWKD 421 BEWEGINGSKUNDE: METODIEK

2 uur 1:1

Uitkomst waarvan bewys gelewer moet word, is die praktiese aanbieding van Bewegingsopvoeding onder dosente-leiding. 'n Minimum getal praktiese aanbiedings is verpligtend wat deur die dosent sowel as medeleerders geëvalueer word. 'n Metodologies-kritiese benadering geld met as doelwit die verbetering en verryking van die aanbiedingsvaardigheid van die leerder.

BWKH 131 BEWEGINGSKUNDE: WATERAKTIWITEITE EN SPELE

2 uur 1:1

Leerders moet kundigheid, 'n verantwoordelike sin en toepaslike kundigheid en vaardighede demonstreer tydens die deelname aan en die aanbieding van 'n verskeidenheid van waterverwante aktiwiteite en bewegingspele.

BWKH 141 BEWEGINGSKUNDE: TOEGEPASTE ANATOMIE EN FISILOGIE

2 uur 1:1

Leerders moet kennis en insig demonstreer in die teoretiese aspekte van die skelet- en spierstelsel, die fisiologiese onderbou van geselekteerde liggaamstelsels asook die fiksheidskonsep soos van toepassing op die studieveld van Bewegingskunde en verbandhoudende implikasies daarvan vir die onderwyspraktyk aantoon en toepas.

BWKH 151 BEWEGINGSKUNDE: DIE GRONDSLAG EN ONTWIKKELING VAN BEWEGINGSKUNDE EN SPORT

2 uur 1:1

Leerders moet kennis en insig demonstreer betreffende die prinsipiële begroning en historiese ontwikkeling van die vakterrein asook vaardigheid toon in die beredenering van relevante temas wat gerugsteun word deur gemotiveerde standpunte.

BWKH 161 BEWEGINGSKUNDE: OPVOEDKUNDIGE GIMNASTIEK

2 uur 1:1

Leerders moet bedrewenheid toon in die teoretiese begronding van gimnastiese bewegingsvorme sowel as die praktiese uitvoering en aanbieding van 'n verskeidenheid bewegingsaktiwiteite.

BWKH 231 BEWEGINGSKUNDE: EVALUERING EN OEFENKUNDE

2 uur 1:1

Leerders moet kundigheid en vaardigheid demonstreer in die beginsels van oefenkunde asook die problematiek in verband met die evaluering, toetsing en meting van bewegingsaktiwiteite as deel van die skoolprogram.

BWKH 241 BEWEGINGSKUNDE: BEWEGINGSAKTIWITEITE: OPVOEDKUNDIGE DANKTAKTIVITEITE

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van 'n teoretiese onderbou en vaardigheid deur praktiese deelname en aanbieding van kreatiewe, funksionele en ekspressiewe bewegingsvorme wat bydra tot die uitbreiding van die individu se bewegingskat. Die bewegingsaktiwiteite sluit onder andere in: skoolverwante programinhoud, houdingsbewustheid, ritme, basiese musiekbeginsels, choreografie, tradisionele passe en die ontwerp van bewegingspatrone.

BWKH 251 BEWEGINGSKUNDE: INLEIDING TOT SPORTSIELKUNDIGE ASPEKTE EN SPORTBESTUUR

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van 'n teoretiese onderbou en insig in die waarde van 'n sportpsigologiese benadering vir die afrigter en die toepassing van moderne sportbestuurbeginsels vir die onderwyspraktik.

BWKH 261 BEWEGINGSKUNDE: BEWEGINGSAKTIWITEITE: SPORTVAARDIGHEDE

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kundigheid en vaardigheid deur praktiese deelname aan en aanbieding van 'n verskeidenheid sport- en spelevaardighede insluitend temas soos: die sosialisering deur spele-deelname, beginsels by die aanbied van 'n speleprogram, fisieke kondisionering in spele-verband, toepaslike gedragskodes, vaardighedsontwikkeling en optrede tydens die voorkoms van beserings.

BWKH 311 BEWEGINGSKUNDE: PERSEPTUEEL MOTORIESE ONTWIKKELING

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van bevoegdheid ten opsigte van die identifikasie, insig en die aantoon van verbande met betrekking tot die fases van motoriese ontwikkeling. Die verskillende bewegingsvermoëns moet geklassifiseer word met toepaslike aanbevelings vir implementering in die onderwyspraktik.

BWKH 321 BEWEGINGSKUNDE: SPORTBESERINGS EN SPORTVAARDIGHEDE

2 uur 1:1

Leerders moet kennis en vaardigheid demonstreer in die basiese identifikasie en behandeling van algemeen-sportverwante beserings soos dit veral in die buitekurrikulêre sportprogram voorkom. In die sportvaardighede module moet die leerders prakties deelneem en kennis van enkele geselekteerde sportsoorte demonstreer wat minder algemeen in die onderwysituasie aangetref word.

**COMD 411 VAKDIDAKTIEK: REKENAARWETENSKAP: VAKDIDAKTIESE
BEGINSELS VAN REKENAARSTUDIE EN SKOOLGERIGTE
PROGRAMMERING**

2 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder vaardigheid te demonstreer ten einde Rekenaarstudie vakinhoude effektief te kan onderrig. Dit sluit in kennis, begrip en vaardigheid van die huidige ontwikkeling op die gebied van onderrig, leer en assessering binne Rekenaarstudie op skool; kennis en begrip van skoolsillabusse, programmering in skoolvoorgeskrewe hoëvlaktaal, opstel van toetse, memorandum, assesseringswyses; voorbereiding, lesbeplanning, klasdisipline en die praktiese aanbieding van 'n Rekenaarstudieles.

**COMD 421 VAKDIDAKTIEK: REKENAARWETENSKAP:
REKENAARSENTRUMBESTUUR EN GEREKENARISEERDE
SKOOLADMINISTRASIE**

2 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder die kennis, vaardigheid en begrip te demonstreer wat nodig is om 'n rekenaarlokaal in te rig, te bestuur en instand te hou en rekenaarprogrammatuur en -apparatuur te evalueer, aan te koop en te installeer. Dit sluit in kennis, vaardigheid en begrip van virusantering, foutopsporing, finansiële bestuur van 'n rekenaarlokaal, netwerkadministrasie, die gebruik van die internet, rekenaarsekuriteit en ramphantering.

COMP 131 REKENAARWETENSKAP: INLEIDING TOT REKENAARSTELSELS

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die nodige kennis, vaardigheid en begrip te demonstreer van die werking van die rekenaar, die ontwikkeling van rekenaarstelsels en die impak wat dit op die samelewing het, elementêre rekenaarargitektuur en getaltestelsels.

**COMP 141 REKENAARWETENSKAP: GEÏNTEGREERDE PAKKETTE GERIG OP
DIE SKOOL**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die nodige kennis, vaardigheid en begrip te demonstreer van verskillende rekenaarpakette wat gebruik kan word in die onderwys. Die leerder moet verder in staat wees om programme te evalueer ten opsigte van die bruikbaarheid in die onderwys, etiese en funksionele oorwegings, toepassingswaarde

en finansiële oorwegings. Die leerder moet ook in staat wees om kennis en praktiese vaardigheid te demonstree van die internet en e-pos.

COMP 151 REKENAARWETENSKAP: REKENAARBEGINSELS EN DATAVOORSTELLING

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om kennis en begrip te demonstree van datavoortellingstegnieke, datavloei en logika beginsels. Die leerder behoort verder begrip te demonstree van verskeie rekenaartale en bedryfstelsels.

COMP 161 REKENAARWETENSKAP: ALGORITME-ONTWERP EN PROBLEEMOPLOSSING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om kennis, vaardigheid en begrip te demonstree in die analise van 'n probleem, probleemoplossingsvaardighede sowel as die ontwerp van 'n algoritme om 'n probleem op te los. Die leerder behoort ook in staat te wees om programmeringsvaardighede in 'n hoëvlaktaal te demonstree ten opsigte van veranderlikes, die gebruik van lusstruktuur en keusestruktuur. Die leerder moet in staat wees om dié tegnieke aan leerlinge te kan oordra.

COMP 231 REKENAARWETENSKAP: INLEIDING TOT PROGRAMMERING

2 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om kennis en begrip te demonstree van basiese programmeringsvaardighede in 'n hoëvlakprogrammeertaal wat insluit die definiëring van vektore, rekords, prosedures en funksies.

COMP 241 REKENAARWETENSKAP: VERDERE PROGRAMMERINGS-KONSEPTE

2 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om kennis en begrip te demonstree van die hantering van lêers en die gebruik van eenhede in programmering ten einde elementêre stelsels te ontwerp.

COMP 251 REKENAARWETENSKAP: INLEIDING TOT OBJEKGEOIËNTEERDE PROGRAMMERING

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om visuele programontwerp met behulp van objekte te kan uitvoer. Dit sluit in die gebruik van lus-, keuse-, en herhalingsstruktuur, prosedures en funksies.

**COMP 261 REKENAARWETENSKAP: OBJEKGEORIËNTEERDE
STELSELONTWERP**

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om elementêre stelsels en skoolgerigte toepassings te ontwikkel met behulp van objekgeoriënteerde programmeringskonsepte.

**COMP 311 REKENAARWETENSKAP: STELSELONTLEDING EN
DATABASISONTWERP MET SKOOLGERIGTE TOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om kennis en begrip te demonstreeer van die ontwerp van 'n relasiedatabasis, wat insluit kennis van data integriteit, -sekuriteit en -geldigheid, die beplanning van die ontwerp van 'n databasis, normalisering van data, skep van tabelle en relasies en die gebruik van Microsoft Access as relasiedatabasis programmatuur vir die praktiese ontwerp van 'n databasisstelsel.

**COMP 321 REKENAARWETENSKAP: DATAKOMMUNIKASIE EN NETWERKE
MET ONDERWYSTOEPASSINGS**

2 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om kennis, begrip en vaardigheid te demonstreeer in die gebruik van 'n rekenaarnetwerk en die internet. Dit sluit in die verskillende tipes netwerke; maniere en medium van datakommunikasie; netwerktopologie; datahantering binne 'n netwerk. Die leerder behoort verder begrip te toon van die kort- en langtermyn implikasies van die internet vir die onderwys en die sinvolle gebruik daarvan in die onderwys te kan demonstreeer.

EKND 411 VAKDIDAKTIEK VAN EKONOMIE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die leerder Ekonomie tot graad 12, op die Uitkomsgebaseerde Onderwys metode te kan aanbied; Ekonomie in die kurrikulum en leerprogramme te kan ontleed; die vakbeleid van die Departement Onderwys van die Noordwes Provinsie te kan toepas; die rol van die vakadviseer te kan begryp en vereistes deur die vakadviseer gestel te kan nakom; die rol ten opsigte van HIV/VIGS te verstaan en te kan uitvoer

EKND 421 VAKDIDAKTIEK VAN EKONOMIE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die leerder 'n les-, 'n dag- en jaarprogram te kan opstel en deurvoer; Ekonomiese take en projekte te kan inisieer; die biblioteek en gedrukte media, in ekonomiese verband, te kan hanteer; vertrouwd te wees met klasdisipline; assessering te kan verstaan en deurlopend en spesifiek te kan toepas; die opstel van toets- en eksamenvraestelle

EKNH 131 EKONOMIE: DIE VERBRUIKER / PRODUSENT

2 uur 1:1

Leerders moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; gebruik en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; die ekonomie as sosiale wetenskap binne die wêreld en die geld-goederekringloop te ken om sodoende 'n bydrae te maak tot die ekonomiese lewe en ontwikkeling in Suid-Afrika.

EKNH 141 EKONOMIE: DIE MONETÊRE SEKTOR

2 uur 1:1

Leerders moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; gebruik en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; die begrip geld in alle praktiese en ekonomiese fasette te ken om sodoende 'n bydrae te maak tot die ekonomiese lewe en ontwikkeling in Suid-Afrika.

EKNH 151 EKONOMIE: INTERNASIONALE HANDEL

2 uur 1:1

Leerders moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; gebruik en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; die owerheid en internasionale handel te verstaan om sodoende hul bydrae en plek in die ekonomiese lewe en ontwikkeling in Suid-Afrika te interpreteer.

EKNH 161 EKONOMIE: EKONOMIESE STELSELS

2 uur 1:1

Leerders moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel om 'n kultuur van produktiewe leer daar te stel tot voordeel van die self en die samelewing; gebruik en analitiese evaluering van data uit verskillende bronne om tot ingeligte besluitneming te kom; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; die ekonomiese praktyk te begryp om sodoende 'n sinvolle bydrae tot die ekonomiese lewe en ontwikkeling in Suid-Afrika te maak.

EKNH 231 EKONOMIE: MAKRO-EKONOMIE I

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders die beginsels van makro-ekonomie in die daaglikse lewe te kan toepas; die klassifikasie en funksies van die nasionale rekeninge en wie vir hulle verantwoordelik is te kan verstaan; die bestedings komponente en bepalinge van die BBP te kan uiteensit; deur die wisselwerking tussen die makro-vraag en die makro-aanbod te bestudeer, die ewewigs-inkomstepeil en die algemene pryspeil in die makro-ekonomie te kan bepaal.

EKNH 241 EKONOMIE: MAKRO-EKONOMIE II

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders deur die analise van die Fiskale en Monetêre beleid tot die bepaling van ekonomiese beleid te kom en probleme soos resessie en inflasie te kan uiteensit; die owerheid se rol in tye van ekonomiese stabiliteit en destabiliteit te kan verklaar; die verwantskappe en verskille tussen ekonomiese groei en ontwikkeling te kan analiseer

EKNH 251 EKONOMIE: MIKRO-EKONOMIE I

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders die rol van pryse, prysbepaling, die hoeveelhede geproduseer en maksimum winste te kan analiseer en met mekaar in verband te kan bring; die rol van nut in die verbruiker se vraag na produkte om maksimum behoeftebevrediging te bereik te kan verklaar; deur produksiekoste en opbrengs te ondersoek, die grootste hoeveelheid wins in produksie (aanbod) te kan bepaal

EKNH 261 EKONOMIE: MIKRO-EKONOMIE II

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders winsmaksimering van die ondernemer by volledige mededinging en monopolieë te kan verklaar; die vergoeding vir en die verhouding van die vier produksiefaktore in die produksie proses te kan uiteensit

EKNH 311 EKONOMIE: DIE BBP EN INTERNASIONALE HANDEL

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders alle aspekte van vraag en aanbod te verstaan en toe te pas, op verskillende ekonomieë; die begrip BBP te verstaan en te kan toepas; die uitgawe en inkomste vloeiagram te begryp en te kan gebruik; die Suid-Afrikaanse buitelandse handel krities te kan analiseer en evalueer

EKNH 321 EKONOMIE: DIE OWERHEIDSEKTOR

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders werkloosheid en inflasie te kan toepas op die Suid-Afrikaanse scenario; die owerheid se rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie te begryp, evalueer en te kan toepas op persoonlike finansies; die verwantskappe en verskille tussen ekonomiese groei en ontwikkeling te kan analiseer en toe te pas op die situasie in Suid-Afrika; die rol van geld en die bankwese te verstaan; die monetêrebeleid in Suid-Afrika te verstaan en op u eie, die gemeenskap en die nasionale situasie te kan toepas

ENGC 111 ENGLISH COMMUNICATION: INTRODUCING ENGLISH AS LANGUAGE IN THE CLASSROOM

2 uur Kampusleerders 60:40

Afkampusleerders 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding English as an international language of communication, with special regard for the role of English as a language of communication in different education contexts in South Africa. They should demonstrate knowledge, skills and values regarding the role of fluency and accuracy in communication and interact with a variety of texts, interlocutors and the lecturer to demonstrate knowledge, skills and values regarding register, context and appropriacy of communication

ENGC 211 ENGLISH COMMUNICATION: CLASSROOM ENGLISH

2 uur Kampusleerders 60:40

Afkampusleerders 40:60

Learners should be able to demonstrate advanced knowledge, skills and values regarding the role of fluency and accuracy in classroom communication, and in classroom management. They should be able to use English for purposes of advanced classroom communication regarding interpersonal, knowledge and experience dimensions. They should be able to interact with a variety of advanced educational texts, interlocutors and the lecturer to demonstrate knowledge, skills and values regarding register, context and appropriacy of communication. Learners use listening, speaking, reading and writing skills in English for academic purposes.

ENGC 311 ENGLISH COMMUNICATION: THE ROLE OF ENGLISH IN LEARNING

2 uur Kampusleerders 60:40

Afkampusleerders 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding cohesive and coherent communication in English in interpersonal, knowledge and experience dimensions. They also demonstrate knowledge, skills and values regarding the different types of knowledge encompassed by learning in English, namely: conceptual, procedural and representational knowledge. Learners demonstrate knowledge, skills and values regarding the use of English as medium of instruction (Mol) in their particular majors

ENGD 411 ENGLISH DIDACTICS: ENGLISH SUBJECT DIDACTICAL ASPECTS OF ENGLISH

2 hour 1:1

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding various theoretical and practical aspects of English didactics. This includes theories on second language acquisition and the language skills of reading, speaking, writing and listening.

ENGD 421 APPLIED SUBJECT DIDACTICAL ASPECTS OF ENGLISH

2 hour 1:1

Learners should be able to demonstrate applied knowledge, skills and values regarding lesson planning and execution. This includes listening, speaking, reading and writing lessons as well as the planning and execution of various types of lessons such as poetry, dialogue, song, cloze, literature etc.

ENGD 422 APPLIED SUBJECT DIDACTICAL ASPECTS OF ENGLISH

3 hours 1:1

Learners should be able to demonstrate the knowledge, skills and values regarding the application of knowledge to lesson planning and execution in the FET Phase. This includes listening, speaking, reading and writing lessons as well as the planning and execution of various types of lessons.

ENGH 111 THEMATIC STUDIES FOR ENGLISH IN EDUCATION

3 hours 1:1

Van die leerder word verwag om vaardighede in die gebruik van Natuurwetenskaplike begrippe in toepassings en probleemoplossing te kan demonstreer deur selfstandige ondersoek. Leerders moet ook bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes t.o.v. 'n verskeidenheid leersituasies; demonstrasies en praktiese werk binne groeps- en individuele verband KAN lewer om sodoende die aanleer van laboratoriumtegnieke te kan fasiliteer.

LNWD 421 VAKDIDAKTIEK VAN DIE LEERAREA NATUURWETENSAPPE

2 uur 1:1

Van die leerder word verwag om oor kennis vaardighede, gesindhede en waardes in die fasiliteringstaak van die leerarea Natuurwetenskappe en Tegnologie onderwys onderlê te wees.

LTGD 411 VAKDIDAKTIEK VAN TEGNOLOGIE

2 uur Kampusleerders 60:40

Afkampusleerders 40:60

Na voltooiing van die die module behoort die leerder in staat te wees om die algemene didaktiese beginsels wat van toepassing is op onderwys en opvoeding te verstaan en te kan toepas in die aanbieding van Tegnologie in die leerareas

LTDG 421 VAKDIDAKTIEK VAN TEGNOLOGIE

2 uur Kampusleerders 60:40

Afkampusleerders 40:60

Na voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om as opvoeder in die verskillende fases nl Intermediêre, en Sekondêre fase die praktiese kennis te kan toepas wat betref ,die aanbieding ,opstelling van toetse en evaluering en klas vaardigede van die vak Tegnologie

MEDI 111 MEDIKUNDE

2 uur Kampusleerders 60:40

Afkampusleerders 40:60

Na voltooiing van die module behoort leerders te demonstreer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die gebruik van die mediasentrum en inligtingsbronne in Uitkomsgebaseerde Onderwys (UBO) te bevorder.

MSKD 411 VAKDIDAKTIEK VAN MUSIEK: DIDAKTIEK VAN MUSIEK IN DIE SKOOL: GRONDSLAGFASE

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders daartoe in staat wees om alle aspekte van musiekopvoeding met betrekking tot Gr. 1 – Gr. 3 in groepsverband en individueel te verstaan, korrek weer te gee en aan te leer.

MSKD 421 VAKDIDAKTIEK VAN MUSIEK: DIDAKTIEK VAN MUSIEK IN DIE SKOOL: INTERMEDIÊRE- EN SENIOR FASE

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders daartoe in staat wees om alle aspekte van musiekopvoeding met betrekking tot Gr. 4 – Gr. 7 in groepsverband en individueel te verstaan, korrek weer te gee en aan te leer.

**MSKH 131 MUSIEK: INLEIDING TOT MUSIEKVAARDIGHEDE VIR LEERDERS:
GRONDLIGGENDE BEGINSELS VAN DIE TEORIE EN PRAKTYK**

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders 'n kennis toon van die karaktereienskappe en elemente van Westerse musiek en daartoe in staat wees om die invloed en die uitwerking daarvan op die leerder, binne die klaskamer, prakties en pedagogies toe te pas en waar te neem.

**MSKH 141 MUSIEK: INLEIDING TOT MUSIEKVAARDIGHEDE VIR LEERDERS:
VERDERE UITBOUING VAN DIE TEORIE EN PRAKTYK**

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders daartoe in staat wees om die verskillende notasiesisteme wat vir die gebruik van musiek in die klaskamer van toepassing is, te kan lees en te kan implimenteer, asook om die aanwending en gebruik van die verskillende orkesinstrumente in 'n komposisie te kan herken en waardeer.

**MSKH 151 MUSIEK: ONTWIKKELING VAN BASIESE MUSIEKVAARDIGHEDE VIR
LEERDERS**

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders daartoe in staat wees om die korrekte gebruik van sang en koorsang te kan demonstreeer, asook om die eienskappe en betekenis van die musiek in die antieke kultuur aan die leerders bekend te stel en in die klassituasie aan te wend.

**MSKH 161 MUSIEK: UITGEBREIDE ONTWIKKELING VAN
MUSIEKVAARDIGHEDE VIR LEERDERS**

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders die basiese beginsels van beweging en ritme kan demonstreeer asook daartoe in staat wees om die besondere eienskappe en klankkleur van middeleeuse musiek aan die leerder bekend te stel en vir klaskamergebruik aan te wend.

**MSKH 231 MUSIEK: MUSIEK VIR DIE GRONDSLAGFASE: TOEPASSING VAN
MUSIEKKONSEPTE**

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders die onderskeie onderrigmetodes van verskillende musiekopvoedkundiges ken en sekere elemente daarvan in die grondslagfase kan toepas, asook daartoe in staat wees om, deur middel van beluistering, die besondere eienskappe van die musiek van die Renaissance tydperk aan die leerder bekend te stel en vir klaskamergebruik aan te wend.

MSKH 241 MUSIEK: MUSIEK VIR DIE GRONDSLAGFASE: ONTWIKKELING VAN VAARDIGHEDE

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders daartoe in staat wees om die onderskeie elemente van die terapeutiese bewegingspatrone toe te pas. Hulle sal ook die klanksamestelling van Barokmusiek ken en die basiese terapeutiese gebruik daarvan in die klaskamer kan toepas.

MSKH 251 MUSIEK : MUSIEK VIR DIE GRONDSLAGFASE: VERDERE ONTWIKKELING VAN VAARDIGHEDE

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders daartoe in staat wees om die verskillende toonsisteme te gebruik in die komposisie van instrumentale werke vir die grondslagfase en ook in staat wees om die klankkleur en klankeienskappe van die musiek van die Klassieke tydperk te identifiseer en in die klaskamer aan te wend.

MSKH 261 MUSIEK : MUSIEK VIR DIE GRONDSLAGFASE: INTEGRERING MET ANDER LEERAREAS

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders daartoe in staat wees om luisteronderrig met ander musiekaktiwiteite en ander leerareas te integreer, asook om die programmatiese eienskappe van die musiek van die Romantiese tydperk vir die grondslagfase aan te wend.

MSKH 311 MUSIEK: MUSIEK VIR DIE INTERMEDIÛRE FASE: ONTWIKKELING VAN TEMAS EN MODULES

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders kennis dra van 'n geskikte sangrepertorium vir die intermediêre fase en ook in staat wees om musiek met die studie van ander kulture te integreer. Leerders sal ook daartoe in staat wees om die klankkleur van die musiek van die Impressionisme en twintigste eeu te herken en visueel voor te stel.

MSKH 321 MUSIEK: MUSIEK VIR DIE SENIOR FASE: ONTWIKKELING VAN TEMAS EN MODULES

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders daartoe in staat wees om musiek in groepverband in die vorm van geskikte revues, sangspeletjies, operettes en musiekblyspele te identifiseer, te evalueer en op te voer. Leerders sal ook daartoe in staat wees om musiek kruiskurrikulêr aan te wend en die entrepreneursmoontlikhede daarvan te ervaar.

NASD 411 VAKDIDAKTIEK VAN NATUUR- EN SKEIKUNDE

2 uur 1:1

Van die leerder word verwag om vaardighede in die gebruik van Natuurwetenskaplike begrippe in toepassings en probleemoplossing te kan demonstreer deur selfstandige ondersoeke. Leerders moet ook bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes t.o.v. 'n verskeidenheid leersituasies; demonstrasies en praktiese werk binne groeps- en individuele verband kan lewer om sodoende die aanleer van laboratoriumtegnieke te kan fasiliteer

NASD 421 VAKDIDAKTIEK VAN NATUUR- EN SKEIKUNDE

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes wat deel uitmaak van die Natuur- en Skeikunde fasiliteerder.

NASH 131 NATUUR- EN SKEIKUNDE: (ATOME, MOLEKULE, VERBINDINGS)

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van die beskrywing van atoom- en molekulêre struktuur, toestande van materie en meting; molekule en verbindings; praktykrelevansie van inhoude.

NASH 141 NATUUR- EN SKEIKUNDE: STOIGIOMETRIE

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van wiskundige berekeninge en die wetenskaplike hantering van die beginsels van chemiese reaksies.

NASH 151 NATUUR- EN SKEIKUNDE: INLEIDENDE MEGANIKA

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van die beskrywing van reglynige beweging en beweging in 'n plat vlak; die toepassing van Newton se bewegingswette in 'n verskeidenheid situasies; die wetenskaplike hantering van die begrippe arbeid en energie.

NASH 161 NATUUR- EN SKEIKUNDE: WARMTELEER

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van warmte as vorm van energie; die termiese uitsetting van vastestowwe en vloeistowwe; die geleiding van warmte en faseveranderings; die toepassing van die eerste twee wette van termodinamika; die wetenskaplike hantering van die begrip entropie.

NASH 231 NATUUR- EN SKEIKUNDE: GEVORDERDE MEGANIKA

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die toepassing van Newton se universele gravitasiewet; die wiskundige hantering van momentum en botsings; die beskrywing van rotasiebeweging en die beweging van fluïdes; die praktykrelevansie van inhoude.

NASH 241 NATUUR- EN SKEIKUNDE: INLEIDENDE ELEKTRISITEITSLEER

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die wetenskaplike hantering van elektrostatiese kragte; elektriese velde; elektrostatiese potensiaal; elektriese stroom; die wet van Ohm en die praktykrelevansie van inhoude

NASH 251 NATUUR- EN SKEIKUNDE: ATOOMSTRUKTUUR

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die ontwikkeling van die atoomstruktuur asook die verwantskap tussen atoomstruktuur en chemiese eienskappe van elemente en verbindings; elektronstruktuur en periodisiteit; die rangskikking van atome in verbindings en die kragte wat 'n rol speel in die vorming van molekules.

NASH 261 NATUUR- EN SKEIKUNDE : INTERMOLEKULÊRE KRAGTE

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die fisiese en chemiese beskrywing van gasse; intermolekulêre kragte werksaam in vloeistowwe en vaste stowwe; onderskeid tussen verskillende tipes oplossings; die hantering van konsentrasies; bindingtipes en molekulêre struktuur van verskeie organiese entiteite.

NASH 311 NATUUR- EN SKEIKUNDE: DIE BEGINSEL VAN REAKTIWITEIT

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die wetenskaplike hantering van chemiese ewewig; suur en basisse; elektrochemie; enkele organiese verbindings en die praktykrelevansie van inhoude.

**NASH 321 NATUUR- EN SKEIKUNDE: ELEKTRISITEIT EN MAGNETISME;
OSSILASIES EN GOLWE**

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die wetenskaplike hantering van magnetiese velde en kragte; elektromagnetiese induksie; eenvoudige wisselstroombane; ossilasies en golwe; interferensie en diffraksie; ligkwanta en die praktykrelevansie van inhoude.

ONBD 411 VAKDIDAKTIEK VAN ONDERNEMINGSBESTUUR

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die algemene didaktiese beginsels wat van toepassing is op onderwys en opvoeding te verstaan en te kan toepas in die aanbieding van Ondernemingsbestuur (Bedryfsekonomie) op skool; voorbereid as Bedryfsekonomie opvoeder te wees en probleme rakende die vak te kan identifiseer en oplos; die klaskamer te kan organiseer; ontleding van die skoolsillabus te kan doen; kennis van vakinhoud te hê en verskillende onderrigbenaderings, -metodes, -media en -vaardighede te kan implementeer en toepas.

ONBD 421 VAKDIDAKTIEK VAN ONDERNEMINGSBESTUUR

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: verworwe kennis prakties te kan toepas deur voorbereiding van lesse en inoefening van vaardighede tydens vakdidaktiekperiodes; opstel van toets-en eksamenvraestelle, memoranda en nasien van vraestelle; deurlopende evaluering te kan doen, tekortkominge vas te stel en remediërend op te tree.

ONDH 131 ONDERNEMINGSBESTUUR: OORSPRONG VAN 'N ONDERNEMING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om die studieveld van Ondernemingsbestuur te identifiseer; die begrip ekonomiese handeling te verduidelik en die dryfkrag daaragter te verklaar; die funksionele deelgebiede van ondernemingsbestuur uit een te sit; die verskillende oprigtingsvraagstukke van 'n nuwe onderneming te identifiseer en toe te pas en tussen die verskillende ondernemingsvorme te onderskei.

ONDH 141 ONDERNEMINGSBESTUUR: MENSLIKE HULPBRONNEBESTUUR

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om die ontwikkeling van die verskillende bestuursdenke te verstaan; by algemene bestuur die vier basiese en ses bykomende bestuurstake in 'n onderneming te identifiseer en prakties toe te pas; en by menslike hulpbronbestuurwerwing, keuring, plasing en oriëntering van personeel suksesvol te kan uitvoer.

ONDH 151 ONDERNEMINGSBESTUUR: PRODUKSIEFUNKSIES

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om by Inligtingsbestuur die bestuursinligting wat deur verskillende ondernemingsfunksies benodig word aan te dui en 'n stelsel te ontwerp wat die bestuur van korrekte inligting op die regte tyd voorsien; by aankoopbestuur die rol van bestuur in die aankoopfunksie te identifiseer; die aankoopproses suksesvol te beplan en uit te voer, by produksie- en operasionele bestuur die take en aktiwiteite van die bestuur te identifiseer sodat goedere en dienste gelewer kan word vir behoeftebevrediging.

ONDH 161 ONDERNEMINGSBESTUUR: FINANSIËLE BESTUUR

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om by finansiële bestuur die belangrike besluite wat 'n finansiële bestuurder moet neem t.o.v. investering, finansiering, bedryfskapitaalbestuur en inkomsteverdeling te kan waarneem, by bemarkingsbestuur die belangrike rol wat die bemarkingsfunksie speel in die bevrediging van menslike behoeftes aan te dui; by bestuur van eksterne betrekkinge die noodsaaklikheid van die bestuur in die handhawing en verbetering van die beeld van die onderneming by sy belangegroepes.

ONDH 231 ONDERNEMINGSBESTUUR: INLEIDING TOT BESTUUR EN BEPLANNING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: met die rol van bestuur en bestuurders in die onderneming kennis te maak, die ontwikkeling van bestuursdenke aan te toon, met die vinnig veranderde bestuursomgewing vertrou te raak, aan vooruitskatting en omgewingscenario's aandag te gee, die belangrikheid van bestuursetiek en sosiale verantwoordelikheid aan te toon, met beplanning as basiese bestuurstaak kennis te maak wat insluit doelstellings, doelwitbestuur, strategiese beplanning, strategie-implementering en die belangrikheid van besluitneming, koördinasie en produktiwiteit te besef.

ONDH 241 ONDERNEMINGSBESTUUR: ORGANISERING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die beginsels van organisering te verstaan, met sekere organisasiesistelsels kennis te maak wat die onderneming tot 'n geheel kan saambind en orden, die belangrikheid van sommige van die bykomende bestuurstake naamlik, delegering en dissiplinerig te besef en met desentralisasie, sentralisasie en tydbestuur vertrou te raak sodat voortduurend verandering en vernuwing in 'n onderneming geskep kan word.

ONDH 251 ONDERNEMINGSBESTUUR: AKTIVERING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die waarde van motivering en leierskap te besef om werknemers daartoe te lei om doeltreffend as 'n span saam te werk, die belangrikheid van kommunikasie te besef, kennis van konflik en spanning op te doen ter identifikasie, diagnoseerig en funksionele oplossing daarvan en om innovasie en kreatiwiteit waar te neem en konstruktief te benut ten einde ondernemings- en individuele doelstellings te bereik.

ONDH 261 ONDERNEMINGSBESTUUR: BEHEER

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: verskillende soorte beheer te kan toepas deur alle aktiwiteite op alle bestuursvlakke op 'n deurlopende grondslag te monitor ten einde afwykings vroegtydig te identifiseer sodat die nodige aanpassings of regstellings aangebring kan word en die belangrikheid van begrotingsbeheer te alle tye te besef.

ONDH 311 ONDERNEMINGSBESTUUR: ENTREPRENEURSKAP

3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: te onderskei tussen entrepreneurskap en intrapreneurskap; die rol van KMMO's en die informele sektor in die ekonomie te kan bespreek; die vestiging van 'n nuwe onderneming en regsaspekte daaromtrent te kan omskryf; 'n keuse te maak tussen verskillende ondernemingsvorme; die noodsaaklikheid van kreatiwiteit vir 'n entrepreneur te verstaan; idees te kan evalueer en geleenthede te kan herken; lewensvatbaarheidstudie van 'n nuwe onderneming te kan doen; die rol van die menslike hulpbronbeleid te verstaan en die aankoopplan vir die oprigting van 'n nuwe onderneming te kan opstel.

ONDH 321 ONDERNEMINGSBESTUUR: ONDERNEMINGSPLAN

3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die elemente van 'n produksieplan te kan identifiseer; die plek van bemerking in die onderneming te kan omskryf; die kapitaalbehoefte van die onderneming te bepaal en finansiering daarvoor te verkry; vertrouwd te wees met die administratiewe take en basiese rekordhouding; 'n ondernemingsplan te kan voorberei en implementeer; kennis te neem van al die risiko's waaraan 'n entrepreneur blootgestel is en die belangrikheid van versekering te besef; die belastingstruktuur van Suid-Afrika te verstaan en franchising as 'n moontlikheid om 'n nuwe onderneming te begin oorweeg.

OPVK 111 ONDERWYSSTUDIES:

2 uur 1:1

Na bestudering van die inhoud moet leerders die basiese fasette van die formele didaktiese situasie en die kurrikulum kan herken en dit as verwysingsraamwerk tydens vakdidaktiese besprekings en Praktiese Onderwys kan gebruik.

OPVK 211 ONDERWYSSTUDIES: FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDING

2 uur 1:1

'n Wetenskaplike besinning oor die werklikheid, oor die mens en die verband hiervan met die opvoedingsgebeur asook 'n kritiese waardering van die standpunte van enkele lewens-en-wêreldbeskouings en die implikasies daarvan vir opvoedkunde en onderwys vanuit 'n Christelike lewensopvatting.

OPVK 321 ONDERWYSSTUDIES: SOSIOPEDAGOGIEK

2 uur 1.1

Na voltooiing van die module behoort leerders kennis, vaardigheid en insig te toon: van wat Sosiopedagogiek is, begrippe te ken en verklaar, die sosiale rol van die gesin en skool in te weef in die onderwys. Laastens moet die leerder veskillende eietydse jeugprobleme kan identifiseer (by die kind) en die kind help om weer suksesvol sy deel/plek in die samelewing vol te staan.

OPVK 411 OPVOEDKUNDE

2 uur Kampusleerders 60:40

Afkampusleerders 40:60

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders in staat te wees om vanuit 'n basiese kennis en bepaalde perspektief lesse te ontwerp, leer te fasiliteer en te assessee.

OPVK 421 OPVOEDKUNDE

2 uur Kampusleerders 60:40

Afkampusleerders 40:60

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders in staat te wees om vanuit 'n basiese kennis en perspektief op 'n professionele wyse op te tree as leier, administreeerder en bestuurder van die onderrigleersituasie, asook as 'n rolmodel en pastor vir sy leerders.

PREP 411 VROEË KINDERONTWIKKELING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module moet leerders kennis kan demonstreeer aangaande die ontwikkeling van die voorskoolse kind en faktore wat die ontwikkeling beïnvloed.

Leerders moet ook kennis verwerf van die fasette van die dagprogram.

PREP 421 VROEË KINDERONTWIKKELING

2 uur 1:1

Leerders moet in hierdie module kennis en vaardigheid prakties demonstreeer van alle aspekte van die dagprogram vir voorskoolse leerders.

REKD 411 VAKDIDAKTIEK VAN REKENINGKUNDE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die algemene didaktiese beginsels wat van toepassing is op onderwys en opvoeding te verstaan en kan toepas in die aanbieding van Rekeningkunde; voorbereid as Rekeningkunde opvoeder te wees, die klaskamer te kan organiseer; ontleiding van die skoolsillabus te kan doen; kennis van vakinhoud te hê en te kan oordra; verskillende onderrigbenaderings, -metodes, -media en -vaardighede te kan implementeer en toepas.

REKD 421 VAKDIDAKTIEK VAN REKENINGKUNDE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: verworwe kennis prakties te kan toepas deur voorbereiding van lesse en inoefening van vaardighede tydens vakdidaktiekperiodes; opstel van toets- en eksamenvraestelle, memoranda en nasien van vraestelle; deurlopende evaluering te kan doen, probleme vas te stel en remediërend op te tree.

**REKH 131 REKENINGKUNDE: INLEIDING TOT REKENINGKUNDIGE
VAARDIGHEDE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik, die inligtingsbehoefes van verskillende gebruikers te bepaal, die dokumentering van transaksies te behartig, joernale en grootboeke te skep en 'n rekeningkundige sisteem te ontwerp wat aan die vereistes van 'n spesifieke entiteit voldoen.

REKH 141 REKENINGKUNDE: HULPJOERNALE / GROOTBOEKE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om wisseltransaksies in die rekeningkundige rekords op te teken; hulp-grootboeke en kontrolerekeninge te skep en saldo's volgens die maandstate te rekonsilieer; interne kontrole oor kontant te evalueer en met bankstate te rekonsilieer en loon- en salarisjoernale te kan ontwerp en in die praktyk toe te pas.

REKH 151 REKENINGKUNDE: EENMANSAAK

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om die funksie en beperkinge van proefbalanse te verstaan en proefbalansfoute reg te stel; die belangrikste soort aansuiwerings te bepaal en op te teken; die eenmansaak se nominale grootboekrekeninge by handels- en diensondernemings af te sluit en die bruto en netto wins te bereken by die periodieke en deurlopende voorraadstelsel.

REKH 161 REKENINGKUNDE: EENMANSAAK

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om met behulp van 'n tienkolomwerkstaat die rekeninge in die proefbalans aan te suiwer; die jaarlikse finansiële state van 'n eenmansaak voor te berei; die inligting daarin te vertolk met betrekking tot 'n spesifieke inligtingsbehoefte; verhoudings te bereken en hul doel en gebruik in die ontleiding van likiditeit, winsgewendheid en solvensie van 'n onderneming te identifiseer.

REKH 231 REKENINGKUNDE: BATEVERKOPE EN VENNOOTSKAPPE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die verkoop van enige vaste bate te hanteer en die wins of verlies op verkoop van 'n vaste bate te bepaal, die daaglikse transaksies van 'n vennootskap te kan opteken, die funksie van die kapitaal-, privaat- en onttrekkingsrekeninge te verstaan, die vennootskapoooreenkoms te kan opteken, die jaarlikse finansiële state van 'n vennootskap voor te berei, die inligting daarin te vertolk met betrekking tot 'n spesifieke inligtingsbehoefte en verhoudings te bereken en te vertolk.

**REKH 241 REKENINGKUNDE: PERIDIEKE VOORRAADSTELSE EN
DEPARTEMENTE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die periodieke - en deurlopende voorraadstelsels te bespreek en van mekaar te onderskei; die transaksies vanaf die betrokke dokumente of gegewe transaksies in die boeke van oorspronklike inskrywing volgens die periodieke voorraadopnamestelsel; asook volgens departemente op te teken; oor te boek na die algemene grootboek; die jaarlikse finansiële state voor te berei (inkomstestaat en balansstaat) en die state so te verstaan dat die inligting daarin kan vertolk kan word.

**REKH 251 REKENINGKUNDE: VERVAARDIGINGSONDERNEMINGS EN
BEGROTINGS**

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: transaksies in die hulpjoernale van 'n vervaardigingsonderneming aan te teken, oor te boek na die algemene grootboek; te onderskei tussen direkte en indirekte materiaal en arbeid; die jaarlikse finansiële state voor te berei (vervaardigingskostestaat, inkomstestaat en balansstaat) en die inligting daarin te vertolk soos benodig. Verder behoort leerders in staat te wees om die beplanning van, beheer oor en die doel en beperkings van 'n begroting te kan bespreek en 'n kontantbegroting, begrote inkomstestaat en begrote balansstaat op te stel.

REKH 261 REKENINGKUNDE: SPORTKLUB

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die ontledingskasboek van enige nie-handeldrywende onderneming op te stel, inskrywings in die verskillende grootboekrekeninge in te skryf en verskillende state aan die einde van die finansiële jaar op te stel ('n staat van ontvangstes en betalings, 'n staat van inkomstes en uitgawes en 'n balanstaat,) in die formaat wat vereis word deur die spesiale omstandighede van die organisasie of vereniging.

REKH 311 REKENINGKUNDE: BESLOTE KORPORASIES EN MAATSKAPPYE

3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die Beslote korporasie as ondernemingsvorm te kan bespreek; rekeningkundige inskrywings rakende ledebydraes, lenings van en aan lede, transaksies met lede, inkomstebelasting, verdeling van winste en onuitgekeerde inkomste te kan opteken; finansiële jaarstate te kan opstel volgens die vereistes van die Wet op Beslote Korporasies van 1984 en standpunte oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP); die Maatskappy as ondernemingsvorm te kan bespreek; rekeningkundige inskrywings rakende aandeletransaksies (verkoop van aandele teen pariwaarde en premie), inkomstebelasting, dividende verklaar en betaal en behoue inkomste te kan opteken; finansiële jaarstate te kan opstel volgens die minimum vereistes van die Maatskappywet, 1973 soos gewysig, en standpunte oor AARP.

**REKH 321 REKENINGKUNDE: KONTANTVLOEISTATE, ONTLEDING EN
VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE**

3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: 'n Kontantvloeistaat van enige ondernemingsvorm te kan opstel deur die kontantvloei uit bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite te kan bepaal om die netto verandering in kontant en banksaldo's te bereken; 'n beter insig in die finansiële prestasies en finansiële stand van 'n Beslote korporasie en Maatskappy te verkry deur die rentabiliteits-, likiditeits- en solvabiliteitsverhouding en/of persentasies te bereken, te evalueer aan die hand van vergelykende maatstawwe en die doel van die verhoudings en persentasies te kan verduidelik. Verder behoort leerders in staat te wees om by Maatskappye die beplanning van, beheer oor en die doel en beperkings van 'n begroting te kan bespreek en 'n kontantbegroting, begrote inkomstestaat en begrote balansstaat op te stel.

RGLO 121 REKENAARGELETERDHEID: REKENAARVAARDIGHED

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders oor kennis, vaardighede en houdings te beskik om die rekenaar en standaardwoordverwerking-, sigblad- en grafikaprogrammatuur effektief te gebruik; en kennis te dra van die internet en die voordele en beperkings daarvan vir die onderwys.

RIDO 412 DIE REKENAAR IN SKOOLADMINISTRASIE EN BESTUUR

2 uur 1:1

'n Studie van die effektiewe gebruik van die rekenaar in skooladministrasie en –bestuur. Na voltooiing van die module behoort die leerders 'n skoolrooster met behulp van 'n rekenaar te kan ontwerp, 'n databasisprogram te kan hanteer ten einde data en inligting sinvol te manipuleer en te bestuur binne 'n onderwys omgewing en die skool se administrasie met behulp van 'n rekenaar te kan doen.

RIDO 413 REKENAARNETWERKE EN DIE INTERNET VIR DIE ONDERWYS

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders oor die nodige kennis, vaardigheid, gesindheid en waardes te beskik om 'n rekenaarnetwerk sinvol binne die onderwys te kan gebruik, internet en elektroniese pos tot voordeel van die onderwys en die kind te kan aanwend, bestuur en gebruik.

RIDO 414 REKENAARARGITEKTUUR IN DIE ONDERWYS

2 uur 1:1

'n Studie van die werking van die rekenaar. Die leerders moet na voltooiing van die module kennis en insig toon in die komponente waaruit die rekenaar bestaan, argitektuur vereistes en hoe dit die aankoop van apparatuur beïnvloed, basiese foutopsporing en –hantering van die rekenaar kan verrig binne die skool.

RIDO 415 REKENAARBEGINSELS EN DIE ONDERWYS

2 uur 1:1

'n Kritiese evaluering van die gebruik van die rekenaar in die onderwys. Na voltooiing van die module behoort die leerders oor die nodige kennis, vaardigheid, waardes en gesindhede te beskik om 'n kritiese evaluering te maak van geskikte rekenaarprogrammatuur en -apparatuur vir die onderwys en die implikasies vir die aankoop van apparatuur en programmatuur deur die skool. Kennis, vaardigheid en begrip moet gedemonstreer word van die term rekenaargesteunde onderrig en toetsing en die sinvolle toepassing daarvan in die onderwys.

SPEK 111 SPORT EN KULTUUR: LEERUITKOMSTE VIR DIE SPORTMODULE IN DIE GESAMENTLIKE KURSUS VIR DIE SPORT- EN KULTUURSERTIFIKAAT

2 uur 1:1

Leerders moet in staat wees om 'n basiese kennisvlak, praktiese vaardighede en 'n waardesisteem te demonstreer. Die teoretiese komponent bestaan uit die afdelings: Motoriese Leer, Sportfisiologie, Sportfilosofie en Sportbestuur terwyl die praktiese afdeling die verpligte verwerwing van 'n amptelike afrigterskwalifikasie in 'n erkende skoolsport behels.

SPWD 411 DIDAKTIEK VAN SPORTWETENSKAP: SPORTMETODIEK

2 uur 1:1

Die leerders moet praktykgerigte kundigheid, insig en vaardighede demonstreer vir die doel van optimum afrigtingresultate. Sportafrigting en evaluering in die praktyk is 'n vereiste.

TEGG 121 TEGNOLOGIESE STUDIES

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module moet leerders kennis kan demonstreer van integrasie van Tegnologie in die leerprogramme vir die Grondslagfase.

SPWD 421 DIDAKTIEK VAN SPORTWETENSKAP: Sportmetodiek

2 uur 1:1

Die leerders moet bewys lewer van 'n hoë vlak van kennis en begrip in die interpretasie en toepassing van die geldende spelreëls. Praktiese betrokkenheid is 'n vereiste.

TEGH 151 TEGNOLOGIE SPES

2 uur 2:1

Na die voltooiing van die module behoort die leerders skriftelik en prakties te kan demonstreer dat hulle die nodige kennis, vaardighede en waardes bemeester in sekere van die leerarea tegnologie se kennisterreine

TEGH 241 TEGNOLOGIE SPES

2 uur 2:1

Na die voltooiing van die module behoort die leerders skriftelik en prakties te kan demonstreer dat hulle die nodige kennis,vaardighede en waardes bemeester in sekere van die leerarea teegnologie se kennisterreine

TEGV 121 TEGNOLOGIESE STUDIES

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders skriftelik en prakties te kan demonstreer dat hulle die nodige kennis en vaardighede, gesindhede en waardes bemeester om tegnologie sinvol aan te wend oor al die leerareas heen. Dit sluit in kennis en vaardighede in probleemoplossing, stelsels, strukture, materiale ,produkte, dataverwerking, grafiese ontwerp, veiligheids-aspekte sowel as etiese aspekte betrokke by tegnologie en die toepassing daarvan in die leerarea tegnologie

TETG 211 ELEKTROTEGNIK: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van elektriese stroomteorie, elektrostatika, huishoudelike apparaat, selle, beginsels van elektro-magnetisme, verbruikerskringe en die toetsing daarvan het. En ook die basiese eletrotegniese beginsels van elektronika.Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en handgereedskap sodat alle veiligheidsaspekte,soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte, nagekom kan word.

TETG 221 ELEKTROTEGNIK: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van die volgende teorie, toetse en prosesse het. Elektromagnetisme , dinamies- en statiese emk. , histerese , gelykstroommasjiene ,gelykstroomaansitters en meters (analoog) asook die basiese eletrodinamiese beginsels van elektronika .Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en masjiene sodat alle veiligheidsaspekte soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte nagekom kan word.

TETI 311 ELEKTRIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van die volgende teorie, toetse en prosesse het. Opwekking van wisselende EMK, middelordinaat-reël, fasors, RLC serie- en parallelkringe, resonansie kringe, Q- faktor, aktiewe- en reaktiewe komponente van stroom, arbeidsfaktor verbetering (metodes). Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en masjiene sodat alle veiligheidsaspekte soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte nagekom kan word.

TETI 321 ELEKTRIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van die volgende teorieë, toetse en prosesse het. Drie-fase wisselstroomstelsels, wisselstroom meetinstrumente(analoog), enkelfaas-transformators, outotransformators, instrument transformators.

Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en masjiene sodat alle veiligheidsaspekte soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte nagekom kan word.

TETI 411 ELEKTRIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van die volgende teorieë, toetse en prosesse het. Komplekse RLC-kring, Grafiese en wiskundige oplossings, drywing in takke asook totale drywing. Drywingsfaktor verbetering van motors en installasies. Bepaling van kapasitansie waardes van motors en elektriese kringe.

Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en masjiene sodat alle veiligheidsaspekte soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte nagekom kan word.

TETI 421 ELEKTRIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van die volgende teorieë, toetse en prosesse het. Drie-fase transformators, instrument transformators, transmissie, beligting, wisselstroom motors, en motor aansitters. Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en masjiene sodat alle veiligheidsaspekte soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte nagekom kan word.

TETO 311 ELEKTRONIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Na voltooiing van die inleidende kursus tot basiese **logikabane en Boole algebra** van elektronika, behoort die leerders te demonstreer (skriftelik en prakties) dat die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester is om elektroniese tegnologie sinvol aan te wend by die onderrig daarvan in toepaslike skoolprogramme.

TETO 321 ELEKTRONIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Na voltooiing van die inleidende studie tot **beheerstelsels** en integrering daarvan in elektronika, behoort die leerders te demonstreer (skriftelik en prakties) dat die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester is om elektroniese tegnologie sinvol aan te wend by die onderrig daarvan in toepaslike skoolprogramme .

TETO 411 ELEKTRONIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Na voltooiing van die kursus en inleidende studie tot **halfgeleier en geïntegreerbare stroombane** van elektronika, behoort die leerders te demonstreer (skriftelik en prakties) dat die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester is om elektroniese tegnologie sinvol aan te wend by die onderrig daarvan in toepaslike skoolprogramme .

TETO 421 ELEKTRONIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Na voltooiing van die inleidende studie tot **industriële toepassings** van elektronika, behoort die leerders te demonstreer (skriftelik en prakties) dat die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester is om elektroniese tegnologie sinvol aan te wend by die onderrig daarvan in toepaslike skoolprogramme .

TIKD 411 VAKDIDAKTIEK VAN REKENAARTIK

3 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramleër vir die graad 8 en 9 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 8 en 9 leerplan aan die leerders kan verduidelik. Leerders moet in staat wees om tikfoute te kan identifiseer, en die korrekte remediërende oefeninge vir leerders voor te skryf. Leerders moet in staat wees om die kennis wat hulle tydens hierdie kursus verwerf het te gebruik om geskikte studiemateriaal vir tikonderrig te kan identifiseer.

TIKD 421 VAKDIDAKTIEK VAN REKENAARTIK

3 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramleër vir die graad 8 en 9 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 8 en 9 leerplan aan die leerders kan verduidelik. Leerders moet die kennis wat hulle gedurende hierdie kursus verwerf het gebruik om skryfvaardigheid by leerders te bevorder.

TIKH 131 REKENAARTIK

2 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramleër vir die graad 10 leerders saamstel, sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet begelei word om 'n handleiding vir die tikmasjien en die rekenaar saam te stel. Die leerders moet in staat wees om 'n historiese oorsig oor die ontstaan en die ontwikkeling van die tikmasjien, blindtikmetode, ens., aan die leerders te kan verduidelik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 10 leerplan aan die leerders kan verduidelik.

TIKH 141 REKENAARTIK

2 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramlêer vir die graad 10 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerder moet oor genoegsame kennis beskik om daaglikse/weeklikse en jaarbeplanning en assessering in die tiklokaal te kan doen. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 10 leerplan aan die leerders kan verduidelik.

TIKH 151 REKENAARTIK

2 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramlêer vir die graad 10 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet kennis dra van die vernaamste psigologiese aspekte wat betrokke is by die aanbieding van Tik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 10 leerplan aan die leerders kan verduidelik.

TIKH 161 REKENAARTIK

2 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramlêer vir die graad 10 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 10 leerplan aan die leerders kan verduidelik.

TIKH 231 REKENAARTIK

2 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramlêer vir die graad 11 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 11 leerplan aan die leerders kan verduidelik. Die leerders moet in staat wees om die verskillende aanbiedingsmetodes teoreties te kan bespreek, en prakties te kan toepas tydens lesaanbieding in die tiklokaal.

TIKH 241 REKENAARTIK

2 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramlêer vir die graad 11 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 11 leerplan aan die leerders kan verduidelik. Die leerders moet tipiese eienskappe van leerfasiliteerders en tikleerders in die tiklokaal kan identifiseer, bespreek en kan uitbou.

TIKH 251 REKENAARTIK

2 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramlêer vir die graad 11 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 11 leerplan aan die leerders kan verduidelik. Die leerders moet in staat wees om leeruitkomstes vir elke graad te kan formuleer en assessering in die tiklokaal sinvol te kan toepas met behulp van die teoretiese kennis wat hulle tydens hierdie module verwerf het.

TIKH 261 REKENAARTIK

2 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramlêer vir die graad 11 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 11 leerplan aan die leerders kan verduidelik.

TIKH 311 REKENAARTIK

3 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramlêer vir die graad 12 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 12 leerplan aan die leerders kan verduidelik. Die leerders moet oor die nodige kennis en vaardighede beskik om gestremde leerders in die tiklokaal te kan onderrig. Die leerder moet verder in staat wees om die kennis wat hy/sy ten opsigte van aanvangsonderrig verwerf het teoreties te kan weergee, en ook prakties in die praktyk te kan toepas.

TIKH 321 REKENAARTIK

3 uur 1:1

Die leerder se bestaande tikvaardighede moet tot op tersiêre vlak uitgebrei word. Die leerders moet 'n diagramlêer vir die graad 12 leerders saamstel sodat hulle dit tydens onderrig op skool kan gebruik. Die leerders moet WORD97-funksies soos van toepassing op die graad 12 leerplan aan die leerders kan verduidelik. Die leerders moet in staat wees om leerders in produksietik te kan onderrig. Die leerder moet verder in staat wees om algemene inligting ten opsigte van die regsdokumente en regsterme wat in die graad 12 leerplan voorkom aan leerders te kan verduidelik.

TMTM 311 MEGANIESE TEGNOLOGIE

3 uur 1:1

Na afloop van hierdie module wat handel oor eksperimente rakende gereedskap, materiale, samevakkig statika en spanning, moet die leerders skriftelik en eksperimenteel bewys kan lewer dat hulle genoemde werk bemeester het, in so 'n mate dat dit bogenoemde ondersteun of bewys .

TMTM 321 MEGANIESE TEGNOLOGIE

3 uur 1:1

Na afloop van hierdie module wat handel oor eksperimente rakende energie, arbeid en kinematika asook wrywing en hidroulika moet die leerders skriftelik, eksperimenteel en demonstratief bewys kan lewer dat genoemde werk bemeester is sodat dit die teorie ondersteun of bewys.

TMTM 411 MEGANIESE TEGNOLOGIE

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module wat handel oor warmte, gasse en binnebrandenjins, pneumatika en oordra van beweging, moet die leerders skriftelik, eksperimenteel en demonstratief bewys kan lewer dat genoemde werk bemeester is sodat dit die teorie ondersteun of bewys.

TMTM 421 MEGANIESE TEGNOLOGIE

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module wat handel oor smering, smeertoestelle, koolwaterstowwe, plastiek en rubber, moet die leerders skriftelik, eksperimenteel en demonstratief bewys kan lewer dat genoemde werk bemeester is sodat dit die teorie ondersteun of bewys.

TMTP 111 INGENIEURSTEGNOLOGIE: TEORIE

2 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik en demonstratief bewys kan lewer dat hulle voldoende kennis en insig verwerf het in die vakinhoud wat handel oor die eienskappe van metale asook die toepassing en gebruike van presisie-meetinstrumente , ingenieurgereedskap- en masjiene.

TMTP 121 INGENIEURSTEGNOLOGIE: TEORIE

2 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik en demonstratief bewys kan lewer dat hulle die vakinhoud en verwerkingsprosesse van metale, asook die versorging en die instandhouding van presisie-instrumente, ingenieurgereedskap en masjiene voldoende bemeester het. Hulle moet die toepaslike veiligheidsaspekte wat daarmee verbandhou kan nakom en implementeer.

TMTP 311 INGENIEURSTEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik en demonstratief bewys kan lewer dat hulle voldoende kennis en insig verwerf het in die volgende aspekte: werkswinkelbestuur, praktiese toepassing van algebra en trigonometrie in die werkswinkel situasie, presisiemeting, metodes van skroefdraad sny, slyp van beitels, balansering en hidroulika. Leerders moet die vakinhoud asook die toepaslike veiligheidsaspekte wat daarmee verband hou in die praktyk kan toepas.

TMTP 321 INGENIEURSTEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

